



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

VOL. 383

CAPE TOWN, 23 MAY 1997

KAAPSTAD, 23 MEI 1997

No. 18028

PRESIDENT'S OFFICE

No. 726. 23 May 1997

It is hereby notified that the Acting President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 14 of 1997: South African Institute for Drug-Free Sport Act, 1997.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 726. 23 Mei 1997

Hierby word bekend gemaak dat die Waarnemende President sy goedkeuring gegee het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 14 van 1997: Wet op die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport, 1997.

ACT

To promote the participation in sport free from the use of prohibited substances or methods intended to artificially enhance performance, thereby rendering impermissible doping practices which are contrary to the principles of fair play and medical ethics, in the interest of the health and well-being of sportspersons; and to provide for matters connected therewith.

*(Afrikaans text signed by the Acting President.)
(Assented to 20 May 1997.)*

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions

1. In this Act, unless the context indicates otherwise—
 - (i) “Appeal Board” means the board established by section 17; (iii) 5
 - (ii) “doping”, in relation to the practice of sport, means the administration of substances belonging to prohibited classes of pharmacological agents or the application of any method intended to enhance performance artificially; (i)
 - (iii) “Institute” means the South African Institute for Drug-Free Sport, established by section 2; (iv) 10
 - (iv) “International Olympic Committee” means the organisation of that name with its headquarters in Lausanne, Switzerland, under the auspices of which the Olympic Games are conducted; (v)
 - (v) “international sports federation” means any group of national sports bodies involved in the overseeing and co-ordination of the playing and administration of any particular sport at international level; (vi) 15
 - (vi) “Minister” means the Minister of Sport and Recreation; (vii)
 - (vii) “national sports federation” means any number of people involved in the overseeing and co-ordination of the playing and administration of any particular sport in any particular country; (viii) 20
 - (viii) “NOCSA” means the National Olympic Committee of South Africa; (ix)
 - (ix) “notifiable event” means any sports event which is intended to take place anywhere within or outside the Republic, with reference to which drug tests or sampling is to be carried out, as determined by the Institute; (ii) 25
 - (x) “NSC” means the National Sports Council; (x)
 - (xi) “SISA” means the Sports Information and Science Agency. (xi)

Establishment of South African Institute for Drug-free Sport

2. There is hereby established a corporate body to be known as the South African Institute for Drug-Free Sport.

Composition of Institute

30

3. (1) The Institute shall consist of a chairperson and as many other members as may be agreed upon by the Minister in consultation with NSC and NOCSA, all of whom shall be appointed by the Minister in terms of subsection (4).

WET

Om die deelname in sport vry van die gebruik van verbode stowwe of metodes wat daarop gemik is om prestasie kunsmatig te verbeter, te bevorder, om op dié wyse aanhelppraktyke wat strydig is met die beginsels van skoon spel en mediese etiek, in die belang van die gesondheid en welsyn van sportpersone, ontoelaatbaar te maak; en om vir aangeleenthede voorsiening te maak wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die Waarnemende President geteken.)
(Goedgekeur op 20 Mei 1997.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
- 5 (i) “aanhelp”, met betrekking tot die beoefening van sport, die toediening van stowwe behorende tot die verbode klasse van farmakologiese stowwe, of die toepassing van enige metode wat daarop gemik is om prestasie kunsmatig te verbeter; (ii)
 - 10 (ii) “aanmeldbare gebeure” enige sportgebeurtenis wat bestem is om plaas te vind op enige plek binne of buite die Republiek, met verwysing waarna dwelmtoetse of -monsterneming uitgevoer moet word, soos deur die Instituut bepaal; (ix)
 - (iii) “Appèlraad” die raad by artikel 17 ingestel; (i)
 - 15 (iv) “Instituut” die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport, ingestel by artikel 2; (iii)
 - (v) “Internasionale Olimpiese Komitee” die organisasie met daardie naam met sy hoofkwartier te Lausanne, Switserland, onder wie se beskerming die Olimpiese Spele gehou word; (iv)
 - 20 (vi) “internasionale sportfederasie” enige groep nasionale sportliggame wat betrokke is by die toesig oor en koördinering van die beoefening en administrasie van enige besondere sportsoort op internasionale vlak; (v)
 - (vii) “Minister” die Minister van Sport en Ontspanning; (vi)
 - (viii) “nasionale sportfederasie” enige aantal persone wat betrokke is by die toesighouding oor en koördinering van die spel en administrasie van enige besondere sportsoort in enige bepaalde land; (vii)
 - 25 (ix) “NOKSA” die Nasionale Olimpiese Komitee van Suid-Afrika; (viii)
 - (x) “NSR” die Nasionale Sportraad; (x)
 - (xi) “SISA” die “Sports Information and Science Agency”. (xi)

Instelling van Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport

- 30 2. Daar word hierby ’n regspersoon met die naam die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport ingestel.

Samestelling van Instituut

3. (1) Die Instituut bestaan uit ’n voorsitter en die getal ander lede waarop die Minister in oorleg met die NSR en NOKSA ooreenkom, wat almal deur die Minister
35 ingevolge subartikel (4) aangestel word.

(2) In addition to the members referred to in subsection (1) the Chief Executive Officer of the Institute shall be a member of the Institute by virtue of his or her office.

(3) The Minister shall, with a view to the appointment of the members referred to in subsection (1), invite interested parties through the media and by notice in the *Gazette* to propose candidates, within 30 days of the publication of the said notice, for appointment as such members.

(4) The Minister shall when it becomes necessary appoint as a member of the Institute a person proposed by the interested parties as contemplated in subsection (3).

(5) The members appointed in terms of subsection (1) shall hold office for such period, not exceeding five years, as the Minister may determine at the time of appointment.

(6) The Minister may remove any member from his or her office if—

(a) that member contravenes or fails to comply with any provision of this Act;

(b) the estate of that member is sequestered;

(c) that member is unable to perform his or her functions as a member due to physical or mental illness;

(d) that member is convicted of an offence and sentenced to imprisonment, without the option of a fine;

(e) that member without lawful cause is absent from three consecutive meetings of the Institute; or

(f) the Institute recommends that such member shall vacate his or her office.

(7) Members of the Institute whose terms of office expire are eligible for reappointment.

(8) A member of the Institute may resign from office by submitting at least one month's written notice to the Minister.

(9) (a) The Minister shall as often as it becomes necessary appoint a chairperson of the Institute and the members of the Institute shall as often as it becomes necessary elect a deputy chairperson from among their number.

(b) Whenever the chairperson is unavailable, the deputy chairperson shall perform the functions of the chairperson.

(10) (a) The chairperson or an executive member of the Institute may be an official of a national or provincial sports federation: Provided that it shall be incumbent on such chairperson or executive member to prove to the satisfaction of the Minister that no conflict of interest exists.

(b) The Minister may remove such chairperson or executive member from his or her office whenever he or she deems it necessary or where a conflict of interest exists or where such chairperson or executive member fails to prove to the satisfaction of the Minister that no conflict of interest exists.

Vacancies in Institute

4. (1) A vacancy in the Institute shall occur—

(a) when a member's term of office expires;

(b) when a member dies;

(c) when a member is removed from office in terms of section 3(6); or

(d) when a member's resignation, submitted in terms of section 3(8), takes effect.

(2) A vacancy in the Institute shall not affect the validity of the proceedings or the decisions of the Institute.

(3) A vacancy in the Institute shall be filled as soon as practicable in terms of section 3(4).

Meetings of Institute

5. (1) The meetings of the Institute shall be held at the times and places determined by the chairperson: Provided that the first meeting shall be held at the time and place determined by the Minister: Provided further that at least four meetings shall be held in each year.

(2) If both the chairperson and deputy chairperson are absent from a meeting of the Institute the members present shall elect one of their number to preside at that meeting.

(3) The quorum for any meeting of the Institute shall be a majority of the total number of members.

(4) The decision of the majority of the members of the Institute present at a meeting shall constitute a decision of the Institute, and in the event of an equality of votes

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR
DWELMVRYE SPORT, 1997

Wet No. 14, 1997

(2) Benewens die lede in subartikel (1) bedoel, is die Hoof- Uitvoerende Beampte van die Instituut 'n lid van die Instituut uit hoofde van sy of haar amp.

(3) Die Minister moet met die oog op die aanstelling van die lede in subartikel (1) bedoel belanghebbende partye deur die media en by kennisgewing in die *Staatkoerant* 5 uitnoui om binne 30 dae vanaf die publikasie van genoemde kennisgewing kandidate vir aanstelling as sodanige lede voor te stel.

(4) Die Minister moet wanneer dit nodig word iemand wat voorgestel word deur die belanghebbende partye soos in subartikel (3) beoog, as 'n lid van die Instituut aanstel.

(5) Die lede ingevolge subartikel (1) aangestel, beklee hul ampte vir die tydperk, 10 maar hoogstens vyf jaar, wat die Minister tydens aanstelling bepaal.

(6) Die Minister kan enige lid uit sy of haar amp onthef indien—

(a) daardie lid enige bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(b) die boedel van daardie lid gesekwestreer word;

15 (c) daardie lid weens 'n fisieke of geestesiekte nie in staat is om sy of haar werksaamhede as 'n lid te verrig nie;

(d) daardie lid aan 'n misdryf skuldig bevind word en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete veroordeel word;

20 (e) daardie lid sonder gegronde rede van drie agtereenvolgende vergaderings van die Instituut afwesig is; of

(f) die Instituut aanbeveel dat sodanige lid sy of haar amp moet ontruim.

(7) Lede van die Instituut wie se ampstermyne verstryk, kan weer aangestel word.

(8) 'n Lid van die Instituut kan uit sy of haar amp bedank deur 'n skriftelike kennisgewing van minstens een maand aan die Minister voor te lê.

25 (9) (a) Die Minister moet so dikwels as wat dit nodig word 'n voorsitter van die Instituut aanstel, en die lede van die Instituut moet so dikwels as wat dit nodig word 'n adjunkvoorsitter uit hul geledere kies.

(b) Wanneer die voorsitter nie beskikbaar is nie, moet die adjunkvoorsitter die werksaamhede van die voorsitter verrig.

30 (10) (a) Die voorsitter of 'n uitvoerende lid van die Instituut mag 'n beampte van 'n nasionale of provinsiale sportfederasie wees: Met dien verstande dat so 'n voorsitter of uitvoerende lid verplig is om ten genoeë van die Minister te bewys dat daar geen belangebotsing bestaan nie.

35 (b) Die Minister kan so 'n voorsitter of uitvoerende lid uit sy of haar amp verwyder wanneer hy of sy dit nodig ag of wanneer 'n belangebotsing bestaan of wanneer so 'n voorsitter of uitvoerende lid versuim om ten genoeë van die Minister te bewys dat geen belangebotsing bestaan nie.

Vakatures in Instituut

4. (1) 'n Vakature in die Instituut ontstaan—

40 (a) wanneer 'n lid se ampstermyne verstryk;

(b) wanneer 'n lid te sterwe kom;

(c) wanneer 'n lid ingevolge artikel 3(6) van sy of haar amp onthef word; of

(d) wanneer 'n lid se bedanking, voorgelê ingevolge artikel 3(8), in werking tree.

45 (2) 'n Vakature in die Instituut beïnvloed nie die geldigheid van die verrigtinge of die besluite van die Instituut nie.

(3) 'n Vakature in die Instituut word so gou as moontlik ingevolge artikel 3(4) gevul.

Vergaderings van Instituut

5. (1) Die vergaderings van die Instituut word gehou op die tye en plekke wat deur die voorsitter bepaal word: Met dien verstande dat die eerste vergadering gehou moet 50 word op die tyd en plek deur die Minister bepaal: Met dien verstande voorts dat minstens vier vergaderings elke jaar gehou moet word.

(2) Indien sowel die voorsitter as die adjunkvoorsitter van 'n vergadering van die Instituut afwesig is, moet die lede wat teenwoordig is iemand uit hul geledere kies om by daardie vergadering voor te sit.

55 (3) Die kworum vir enige vergadering van die Instituut is die meerderheid van die totale getal lede.

(4) Die besluit van die meerderheid van die lede van die Instituut wat by 'n vergadering teenwoordig is, maak 'n besluit van die Instituut uit, en in die geval van

concerning any matter, the member presiding at the meeting shall have a casting vote in addition to such member's deliberative vote.

(5) The Institute shall determine the procedure for its meetings and shall ensure that the principles of transparency, openness and public participation are observed at such meetings.

(6) The Institute shall cause minutes to be kept of its proceedings.

Staff of Institute

6. (1) The Institute shall, in consultation with the Minister and the Public Service Commission, appoint a suitably qualified and experienced person as Chief Executive Officer of the Institute.

(2) The Institute may, at its request and in consultation with the Public Service Commission, be assisted by officers of the public service seconded to the service of the Institute in terms of the law regulating such secondment.

(3) The persons contemplated in subsections (1) and (2) shall receive such remuneration, allowances and other employment benefits and shall be appointed or seconded on such terms and conditions and for such periods as the Institute may determine in consultation with the Public Service Commission, the Minister and the Minister of Finance.

(4) The Institute may, in consultation with the Minister and the Public Service Commission, for specific projects enter into contracts for the services of persons having technical or specialised knowledge of any matter relating to the functions of the Institute, and may, with the concurrence of the Minister of Finance, determine the remuneration, including reimbursement for travelling, subsistence and other expenses, of such persons.

Remuneration and allowances of members of Institute

7. The remuneration, allowances and other terms and conditions of office and service benefits of the members of the Institute shall be determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.

Expenditure, finances and accountability

8. (1) Expenditure incidental to the performance of the functions of the Institute shall be defrayed from money received by the Institute from any source or appropriated for the purposes of the Institute by Parliament, in the same manner, but with the necessary adaptations, and subject to the same laws as in the case of the expenditure of a department of the National Government.

(2) The Chief Executive Officer of the Institute—

(a) shall be responsible for the management of and administrative control over the staff contemplated in section 6(2), and shall for those purposes be accountable to the Institute;

(b) is, subject to the Exchequer Act, 1975 (Act No. 66 of 1975)—

(i) charged with the responsibility of accounting for money received from whatever source, or paid out by or on account of the Institute;

(ii) charged with the duty to cause the necessary accounting and other related records to be kept; and

(c) shall perform the functions assigned to him or her by the Institute from time to time, and shall in respect thereof be accountable to the Institute.

(3) The records referred to in subsection (2)(b)(ii) shall be audited by the Auditor-General.

Outside employment and disclosure of interests by members

9. (1) A member appointed on a full-time basis shall not, except with the written approval of the Minister, engage in any paid employment outside the duties of the office of the member.

(2) No member of the Institute shall engage in any employment which conflicts with the proper performance of the functions of such member.

(3) A member who, directly or indirectly, through his or her spouse, partner or business associate, has any financial interest in a matter being considered by the Institute

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR
DWELMVRYE SPORT, 1997

Wet No. 14, 1997

'n staking van stemme oor enige aangeleentheid, het die lid wat by die vergadering voorsit 'n beslissende stem benewens sy of haar beraadslagende stem.

(5) Die Instituut moet die prosedure vir sy vergaderings bepaal en verseker dat die beginsels van deursigtigheid, openheid en openbare deelname by sy vergaderings in ag geneem word.

(6) Die Instituut moet notule van sy verrigtinge laat hou.

Personeel van Instituut

6. (1) Die Instituut moet, in oorleg met die Minister en die Staatsdienskommissie, 'n paslik gekwalifiseerde en ervare persoon as die Hoof- Uitvoerende Beampte van die Instituut aanstel.

(2) Die Instituut kan, op sy versoek en in oorleg met die Staatsdienskommissie, bygestaan word deur beamptes van die staatsdiens wat aan die diens van die Instituut afgestaan word ingevolge die wet wat sodanige afstanning reguleer.

(3) Die persone in subartikels (1) en (2) beoog, ontvang die vergoeding, toelaes en ander diensvoordele en word aangestel of afgestaan op die bedinge en voorwaardes en vir die tydperke wat die Instituut in oorleg met die Staatsdienskommissie, die Minister en die Minister van Finansies bepaal.

(4) Die Instituut kan, in oorleg met die Minister en die Staatsdienskommissie, vir besondere projekte ooreenkomste sluit vir die dienste van persone wat oor die tegniese of gespesialiseerde kennis beskik van enige aangeleentheid betreffende die werksaamhede van die Instituut, en kan, in oorleg met die Minister van Finansies, die vergoeding, met inbegrip van die terugbetaling van reis-, verblyf- en ander uitgawes van sodanige persone, bepaal.

Besoldiging en toelaes van lede van Instituut

7. Die vergoeding, toelaes en ander amps- en diensvoorwaardes van lede van die Instituut word deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

Uitgawes, finansies en rekenpligtigheid

8. (1) Die uitgawes verbonde aan die verrigting van die werksaamhede van die Instituut word bestry uit geld wat deur die Instituut uit enige bron ontvang word of wat deur die Parlement vir die doeleindes van die Instituut bewillig word, op dieselfde wyse, maar met die vereiste aanpassings, en onderworpe aan dieselfde wette as in die geval van uitgawes van 'n departement van die Nasionale Regering.

(2) Die Hoof- Uitvoerende Beampte van die Instituut—

(a) is verantwoordelik vir die bestuur van en administratiewe beheer oor die personeel in artikel 6(2) beoog, en is vir daardie doeleindes rekenpligtig aan die Instituut;

(b) is, onderworpe aan die Skatkiswet, 1975 (Wet No. 66 van 1975)—

(i) belas met die verantwoordelikheid om verslag te doen oor geld wat uit watter bron ook al ontvang word, of wat deur of ten behoeve van die Instituut uitbetaal word;

(ii) belas met die plig om die vereiste rekeningkundige en verwante aantekeninge te laat hou; en

(c) moet die werksaamhede wat aan hom of haar van tyd tot tyd deur die Instituut opgedra word, verrig en is ten opsigte daarvan teenoor die Instituut verantwoordelik.

(3) Die rekords in subartikel (2)(b)(ii) vermeld, moet deur die Ouditeur-generaal geouditeer word.

Diens buite ampspligte en openbaarmaking van belange deur lede

9. (1) 'n Lid wat op 'n heeltydse grondslag aangestel is, mag nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Minister, by 'n betaalde diens buite die ampspligte van daardie lid betrokke wees nie.

(2) Geen lid van die Instituut mag betrokke raak by enige diens wat bots met die behoorlike verrigting van die werksaamhede van sodanige lid nie.

(3) 'n Lid wat direk of indirek deur sy of haar gade, medewerker of sakevennoot enige geldelike belang het in 'n aangeleentheid wat deur die Instituut oorweeg word,

shall as soon as possible after the relevant facts have come to the member's knowledge, disclose the nature of the interest at a meeting of the Institute and shall not be present during any deliberations of the Institute with regard to the matter and shall not take part in any decision of the Institute thereon.

Objects of Institute

5

10. (1) The objectives of the Institute are—

- (a) to promote participation in sport, free from the use of prohibited substances or methods intended to artificially enhance performance, thereby rendering impermissible doping practices which are contrary to the principles of fair play and medical ethics, in a manner consistent with protecting the health and well-being of competitors, and the rights of all persons who take part in sport; 10
- (b) to encourage the development of programmes for the education of the community in general, and the sporting community in particular, in respect of the dangers of doping in sport;
- (c) to provide leadership in the development of a national strategy concerning doping in sport; 15
- (d) to bring about the introduction of a centralised independent sample collection and testing programme, which may subject any sportsperson to dope testing at short notice, or without notice, both in and out of competition;
- (e) to encourage the South African national sports federations and other sports organisations to adopt uniform independent internationally acceptable sample collection and testing procedures; 20
- (f) to encourage the development and maintenance of a sport drug testing laboratory or laboratories accredited by the International Olympic Committee; and 25
- (g) to promote and encourage the adoption of uniform sample collection and testing procedures, and education programmes relating to doping in sport internationally.

(2) The Institute shall operate in close conjunction with SISA.

Powers and duties of Institute

30

11. (1) The Institute may—

- (a) enter into contracts for or in connection with the performance of its functions and the attainment of its objects;
- (b) acquire, hold and dispose of movable and immovable property;
- (c) occupy, use and control any land or building owned or held under lease by the Government and made available to the Institute for its purposes; 35
- (d) appoint agents and attorneys;
- (e) appoint persons to perform services for the Institute;
- (f) accept gifts, grants and bequests given or made to the Institute, and act as trustee in respect of money or other property vested in the Institute in trust; 40
- (g) develop, maintain, distribute and publish information on procedures for, and developments concerning, the collection and testing of samples; and
- (h) do anything else which is necessary for the attainment of the objects of the Institute.

(2) The Institute shall—

45

- (a) draw up and maintain a list of prohibited substances and practices complementing the "List of Doping Classes and Methods", published annually by the International Olympic Committee and other relevant Sporting Federations; 45
- (b) establish and maintain a Register of Notifiable Events; 50
- (c) notify relevant persons and organisations of entries into the Register of Notifiable Events;
- (d) disseminate information relating to the penalties likely to be imposed if sportspersons test positive for doping, or if they fail to comply with requests to provide samples for testing; 55

moet so gou doenlik nadat die tersaaklike feite tot die lid se kennis gekom het, die aard van die belang op 'n vergadering van die Instituut bekend maak en mag nie teenwoordig wees tydens enige beraadslagings van die Instituut met betrekking tot die aangeleentheid nie en mag nie deelneem aan enige besluit van die Instituut daaroor nie.

5 Oogmerke van Instituut

10. (1) Die oogmerke van die Instituut is—

- (a) om deelname te bevorder in sport, vry van die gebruik van verbode stowwe of metodes wat daarop gemik is om prestasie kunsmatig te verbeter, om op dié wyse aanhelppraktyke wat strydig is met die beginsels van skoon spel en mediese etiek ontoelaatbaar te maak, op 'n wyse wat bestaanbaar is met die beskerming van die gesondheid en welsyn van mededingers, en die regte van alle persone wat aan sport deelneem;
- (b) om die ontwikkeling van programme aan te moedig vir die opvoeding van die gemeenskap oor die algemeen, en die sportgemeenskap in die besonder, ten opsigte van die gevare van aanhelp in sport;
- (c) om leiding te gee by die ontwikkeling van 'n nasionale strategie betreffende aanhelp in sport;
- (d) om die instelling van 'n gesentraliseerde onafhanklike monsterneming- en toetsprogram te bewerkstellig wat enige sportpersoon op kort kennisgewing, of sonder kennisgewing, beide in en buite kompetisie, aan toets vir aanhelp kan onderwerp;
- (e) om Suid-Afrikaanse nasionale sportfederasies en ander sportorganisasies aan te moedig om eenvormige onafhanklike internasionaal aanvaarbare monsterneming en toetsprosedures in te stel;
- (f) om die ontwikkeling en instandhouding van 'n toetslaboratorium of toetslaboratoriums vir dwelms in sport, wat by die Internasionale Olimpiese Komitee geakkrediteer is, aan te moedig; en
- (g) om die instelling van eenvormige prosedures vir monsterneming en -toetsing, en opvoedkundige programme met betrekking tot aanhelp in sport internasionaal, te bevorder en aan te moedig.

(2) Die Instituut moet in noue samewerking met SISA optree.

Bevoegdhede en pligte van Instituut

11. (1) Die Instituut kan—

- (a) kontrakte sluit vir of in verband met die verrigting van sy werksaamhede en die bereiking van sy oogmerke;
- (b) roerende en onroerende goed verkry, besit en van die hand sit;
- (c) enige grond of gebou waarvan die Regering die eienaar is of kragtens 'n huurkontrak besit en wat aan die Instituut vir sy doeleindes beskikbaar gestel is, okkupeer, gebruik en beheer;
- (d) verteenwoordigers en prokureurs aanstel;
- (e) persone aanstel om dienste vir die Instituut te verrig;
- (f) geskenke, toekennings en bemakings aan die Instituut gegee of gedoen, aanneem, en as trustee optree ten opsigte van enige geld of ander goed wat by die Instituut in trust berus;
- (g) inligting aangaande prosedures by, en ontwikkelings aangaande, die neem en die toets van monsters ontwikkel, in stand hou, versprei en publiseer; en
- (h) enigiets anders doen wat nodig is vir die bereiking van die oogmerke van die Instituut.

(2) Die Instituut moet—

- (a) 'n lys van verbode stowwe en praktyke wat die "List of Doping Classes and Methods" aanvul wat jaarliks deur die Internasionale Olimpiese Komitee en ander betrokke Sportfederasies gepubliseer word, opstel en in stand hou;
- (b) 'n Register van Aanmeldbare Gebeure instel en in stand hou;
- (c) betrokke persone en organisasies verwittig van inskrywings in die Register van Aanmeldbare Gebeure;
- (d) inligting versprei aangaande die strawwe wat waarskynlik opgelê gaan word indien sportpersone positief vir aanhelp toets, of indien hulle versuim om te voldoen aan versoeke om monsters vir toetsing te verskaf;

- (e) select sportspersons who are to be requested to provide samples for testing;
- (f) collect samples from sportspersons in accordance with approved guidelines, and secure the safe and tamper-free transit of samples to IOC-accredited laboratories for testing;
- (g) develop and implement educational programmes to discourage the practice of doping in sport; 5
- (h) consult with, assist, co-operate with and provide information to governmental and non-governmental organisations and other persons within South Africa and internationally;
- (i) take steps aimed at ensuring that South Africa complies with international agreements and other arrangements concerning the use of drugs and doping in sport, to which South Africa is a party; 10
- (j) undertake research, co-ordinate and arrange for research to be undertaken in the field of performance-enhancing drugs and doping practices in sport; and
- (k) encourage the pursuit of optimal sports performances in an environment free from the use of drugs. 15

(3) Any failure of any Federation to co-operate with the Institute shall be reported to the Minister, who will address the issue with the relevant macro sporting organisations.

Preparation of strategic plans

12. (1) The Institute shall prepare in writing for each successive period determined in accordance with subsection (2), a strategic plan setting out the manner in which the functions of the Institute are intended to be performed during that period, and shall implement such plan. 20

(2) The first strategic plan shall encompass the plan as approved by the Institute immediately after the commencement of this Act, and shall be developed so as to relate to a period of four years commencing on a date falling within the period twelve months commencing immediately after the promulgation of this Act, and each subsequent strategic plan shall be determined to relate to the period of four years commencing immediately after the end of the period to which the immediately preceding strategic plan related. 25 30

Approval and commencement of strategic plans

13. A strategic plan prepared in accordance with section 12 shall be submitted to the Minister for approval not less than three months, or such lesser period as the Minister, in special circumstances, may allow, before the commencement of the period to which the plan relates, and shall come into force— 35

- (a) on the day on which it is approved by the Minister; or
- (b) at the commencement of the period to which it relates, whichever is the later.

Variation of strategic plans

14. (1) The Institute shall from time to time during the period in respect of which a strategic plan prepared in accordance with section 12 is in force, consider whether or not a variation of the strategic plan is necessary. 40

(2) If the Institute considers that a variation of a strategic plan is necessary, the Institute may, with the approval of the Minister, vary the strategic plan.

(3) If a variation of a strategic plan is approved by the Minister, the plan as so varied shall continue in force on and after the date on which the variation was so approved as if the plan had originally been approved by the Minister as so varied. 45

Annual operational plans

15. (1) The Institute shall develop and prepare in writing in respect of each financial

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR
DWELMVRYE SPORT, 1997

Wet No. 14, 1997

- (e) sportpersone wat versoek gaan word om monsters vir toetsing te verskaf, kies;
- (f) monsters van sportpersone in ooreenstemming met goedgekeurde riglyne ontvang, en die veilige en peutervrye versending van monsters aan IOK-geakkrediteerde laboratoria verseker;
- (g) opvoedkundige programme ontwikkel en implementeer ten einde die praktyk van aanhelp in sport te ontmoedig;
- (h) regerings- en nie-regeringsorganisasies en ander persone, in Suid-Afrika en in die buiteland, raadpleeg, bystaan, met hulle saamwerk en inligting aan hulle verskaf;
- (i) stappe doen wat daarop gemik is om te verseker dat Suid-Afrika voldoen aan internasionale ooreenkomste en ander reëlins betreffende die gebruik van dwelms en aanhelp in sport, waarby Suid-Afrika 'n party is;
- (j) navorsing doen, dit koördineer en reël dat navorsing gedoen word op die gebied van dwelms wat prestasie verbeter, en van aanhelppraktyke in sport; en
- (k) die nastrewing van optimale sportprestasies in 'n milieu vry van die gebruik van dwelms aanmoedig.

(3) Enige versuim van 'n Federasie om met die Instituut saam te werk, moet by die Minister aangemeld word, wat die aangeleentheid met die betrokke makro-sport-organisasies moet opneem.

Vorbereiding van strategiese planne

12. (1) Die Instituut moet vir elke opeenvolgende tydperk ooreenkomstig subartikel (2) bepaal 'n strategiese plan skriftelik voorberei waarin die wyse uiteengesit word waarop die werksaamhede van die Instituut na voorneme gedurende daardie tydperk verrig sal word, en moet daardie plan implementeer.

(2) Die eerste strategiese plan moet die plan omvat soos goedgekeur deur die Instituut onmiddellik na die inwerkingtreding van hierdie Wet, en moet ontwikkel word sodat dit betrekking het op 'n tydperk van vier jaar wat begin op 'n datum wat val binne die tydperk van twaalf maande wat onmiddellik na die promulgasie van hierdie Wet 'n aanvang neem, en elke daaropvolgende strategiese plan moet bepaal word om betrekking te hê op die tydperk van vier jaar wat begin onmiddellik na die einde van die tydperk waarop die onmiddellik voorafgaande strategiese plan betrekking gehad het.

35 Goedkeuring en inwerkingtreding van strategiese planne

13. 'n Strategiese plan wat voorberei is ooreenkomstig artikel 12 moet aan die Minister vir goedkeuring voorgelê word minstens drie maande, of die korter tydperk wat die Minister in spesiale omstandighede mag toelaat, voor die aanvang van die tydperk waarop die plan betrekking het, en tree in werking—

- (a) op die datum waarop dit deur die Minister goedgekeur word; of
- (b) by die aanvang van die tydperk waarop dit betrekking het, watter ook al die latere datum is.

Wysiging van strategiese planne

14. (1) Die Instituut moet van tyd tot tyd, gedurende die tydperk ten opsigte waarvan 'n strategiese plan, voorberei ooreenkomstig artikel 12, van krag is, oorweeg of 'n wysiging van die plan nodig is al dan nie.

(2) Indien die Instituut van oordeel is dat 'n wysiging van die strategiese plan nodig is, kan die Instituut, met die goedkeuring van die Minister, die strategiese plan wysig.

(3) Indien 'n wysiging van 'n strategiese plan deur die Minister goedgekeur word, hou die plan, soos aldus gewysig, aan om te geld op en na die datum waarop die wysiging aldus goedgekeur is asof die plan oorspronklik deur die Minister soos aldus gewysig, goedgekeur is.

Jaarlikse operasionele planne

15. (1) Die Instituut moet ten opsigte van elke boekjaar van die Instituut wat ten

year which ends after the commencement of this Act, operational plans setting out—

- (a) the programmes which the Institute proposes to follow; and
- (b) the resources which the Institute proposes to allocate to each such programme, during that year in order to give effect to the strategic plan which then applies.

(2) If the Minister is of the opinion that an operational plan in respect of a financial year is inconsistent with the applicable strategic plan, the Minister may, in writing, request the Institute to revise the operational plan. 5

(3) The Institute shall revise an operational plan if the Minister so requests.

(4) An operational plan, or a revised operational plan—

- (a) shall be submitted to the Minister as soon as is practicable; and 10
- (b) shall come into force when it is approved in writing by the Minister.

Institute to comply with plans

16. The Institute shall perform its functions and exercise its powers in a manner which is consistent with and is designed to give effect to any strategic plan and operational plan in force at that time. 15

Appeals to Appeal Board and resolution of disputes

17. (1) (a) There is hereby established a board which shall be known as the Institute Appeal Board, and which shall consist of a panel of not fewer than 10 persons possessing special knowledge and expertise of the subject matter, from which at least three members shall be appointed by the Minister on the recommendation of the Institute to constitute a hearing to hear and decide upon a dispute: Provided that at least one member so appointed by the Minister shall have a legal background. 20

(b) Before an appeal may be lodged, an amount of one thousand rand shall be deposited by the appellant with the Appeal Board, which amount shall be refundable in full only after the Appeal Board has reached a verdict in favour of the appellant: Provided that the said deposit shall be forfeited by the appellant in the event of the appeal being unsuccessful. 25

(c) The Appeal Board may with a view to the personal circumstances of a prospective appellant waive the requirement of a deposit referred to in paragraph (b).

(2) (a) The Appeal Board may hear and decide on any dispute relating to drug-taking or doping in sport. 30

(b) The Appeal Board may confirm or set aside any sanction imposed by a sporting body in respect of drug-taking or doping, and may in the place of any sanction so set aside, impose any sanction which in its opinion should and could lawfully have been imposed. 35

(3) A member of the Appeal Board shall, subject to such member's right to resign on one month's written notice, remain a member for such period as the Minister may determine at the time of the member's appointment.

(4) A member of the Appeal Board shall be eligible for reappointment.

(5) The procedure to be followed in connection with appeals to the Appeal Board shall be determined by the Board in consultation with the Minister, and every party to an appeal, including the Institute, shall be entitled to be represented by a person of his or her own choice. 40

(6) The sanctions which may be imposed on persons guilty of taking drugs shall be in accordance with the penalties laid down in the constitutions of the respective sports federations. 45

Short title

18. This Act shall be called the South African Institute for Drug-Free Sport Act, 1997.

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR
DWELMVRYE SPORT, 1997

Wet No. 14, 1997

einde loop na die inwerkingtreding van hierdie Wet, operasionele planne ontwikkel en voorberei waarin uiteengesit word—

- (a) die programme wat die Instituut van plan is om te volg; en
 - (b) die hulpbronne wat die Instituut van plan is om aan elke sodanige program toe te deel gedurende daardie jaar ten einde gevolg te gee aan die strategiese plan wat dan van toepassing is.
- 5 (2) Indien die Minister van oordeel is dat 'n operasionele plan ten opsigte van 'n boekjaar strydig is met die toepaslike strategiese plan, kan die Minister die Instituut skriftelik versoek om die operasionele plan te wysig.
- 10 (3) Die Instituut moet 'n operasionele plan wysig indien die Minister versoek dat dit gedoen word.
- (4) 'n Operasionele plan, of 'n gewysigde operasionele plan—
 - (a) moet so gou doenlik aan die Minister voorgelê word; en
 - (b) tree in werking wanneer dit skriftelik deur die Minister goedgekeur word.

15 Instituut moet aan planne voldoen

16. Die Instituut moet sy werksaamhede verrig en sy bevoegdhede uitoefen op 'n wyse wat bestaanbaar is met en bestem is om gevolg te gee aan enige strategiese plan en operasionele plan wat op daardie tydstep in werking is.

Appèlle na Appèlraad en beslegting van geskille

- 20 17. (1) (a) Daar word hierby 'n raad ingestel wat bekend staan as die Instituut-appèlraad, wat bestaan uit 'n paneel van minstens 10 persone wat beskik oor spesiale kennis en bedrewenheid ten opsigte van die onderwerp, waaruit minstens drie lede aangestel word deur die Minister op die aanbeveling van die Instituut om 'n geskil aan te hoor en daaroor te beslis: Met dien verstande dat minstens een lid wat aldus deur die
- 25 Minister aangestel word, 'n regsagtergrond moet hê.
- (b) Voordat 'n appèl aangeteken kan word, moet 'n bedrag van eenduisend rand deur die appellant by die Appèlraad gedeponeer word, watter bedrag ten volle terugbetaalbaar is slegs nadat die Appèlraad tot 'n beslissing in die guns van die appellant geraak het: Met dien verstande dat gemelde deposito deur die appellant verbeur word in geval

30 die appèl onsuksesvol is.

 - (c) Die Appèlraad kan met die oog op die persoonlike omstandighede van 'n voornemende appellant van die vereiste van 'n deposito in paragraaf (b) vermeld, afsien.
 - (2) (a) Die Appèlraad kan enige dispuut betreffende die gebruik van dwelms of

35 aanhulp in sport aanhoor en daaroor beslis.

 - (b) Die Appèlraad kan enige sanksie wat deur 'n sportliggaam ten opsigte van die neem van dwelms of aanhulp opgelê is, bekrachtig of tersyde stel, en kan in die plek van enige sanksie wat aldus tersyde gestel is, enige sanksie oplê wat na sy oordeel opgelê moes en wettiglik kon gewees het.

40 (3) 'n Lid van die Appèlraad moet, behoudens sodanige lid se reg om met skriftelike kennisgewing van een maand te bedank, so 'n lid bly vir die tydperk wat die Minister tydens die lid se aanstelling bepaal.

 - (4) 'n Lid van die Appèlraad kan weer aangestel word.
 - (5) Die prosedure wat gevolg moet word in verband met appèlle na die Appèlraad

45 word deur die Raad in oorleg met die Minister bepaal, en elke party tot 'n appèl, met inbegrip van die Instituut, is geregtig om deur 'n persoon van sy of haar keuse verteenwoordig te word.

 - (6) Die sanksies wat aan persone wat skuldig is aan die neem van dwelms, opgelê kan word, moet in ooreenstemming wees met die strawwe wat in die konstitusies van

50 die onderskeie sportfederasies bepaal word.

Kort titel

18. Hierdie Wet heet die Wet op die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport, 1997.

